Die punt, die vraagteken en hoofletters

Naam:

1. Ons gebruik 'n punt (.) aan die einde van 'n sin.
   Voorbeeld: Ria woon op 'n groot mielieplaas**.**

2. Ons gebruik 'n vraagteken (?) ná 'n sin wat 'n vraag vra.
   Voorbeeld: Gaan dit vandag weer reën**?**

3. Ons gebruik 'n hoofletter:
   a) Vir die eerste woord van 'n sin. **S**y woon op 'n plaas.
      Onthou: Die woord 'n is altyd 'n kleinletter. Die woord ná 'n kry die hoofletter.
      Voorbeeld: 'n Donderslag het hulle laat skrik.

   b) Vir die name van mense en diere:
      Voorbeeld: **R**ia **V**iljoen woon op 'n plaas. Haar hond, **B**oel, is baie kwaai.

   c) Vir die name van dae en maande:
      Voorbeeld: Die skool sluit **V**rydag, 10 **D**esember.

   d) Vir die name van berge, dorpe, stede, strate, plase, riviere, provinsies en lande:
      Voorbeeld: **R**ia woon op 'n plaas, **S**pringfontein, naby **C**radock in die **O**os-**K**aap. Haar oom woon in **N**amibië. Elke jaar gaan hou hulle vakansie in die **D**rakensberge.

Skryf die volgende sinne oor met die nodige punte, vraagtekens en hoofletters.

1. oom sakkie woon naby die vaalrivier

   _____

2. het jan en koos vir hul neef, piet steyn, in durban gaan kuier

   _____

© e-classroom 2015

3. waar was jy verlede donderdag, andries

_____

4. meneer nel van kortstraat gaan dinsdag, 7 april, in port elizabeth kuier

_____

_____

5. ben, was jy al by oom lukas en tannie anna op die plaas leeukuil

_____

6. my neef, david erasmus, het ŉ perd met die naam bles

_____

© e-classroom 2015

Antwoorde

Skryf die volgende sinne oor met die nodige punte, vraagtekens en hoofletters.

1. oom sakkie woon naby die vaalrivier
   Oom Sakkie woon naby die Vaalrivier.
2. het jan en koos vir hul neef, piet steyn, in durban gaan kuier
   "Het Jan en Koos vir hul neef, Piet Steyn, in Durban gaan kuier?"
3. waar was jy verlede donderdag, andries
   "Waar was jy verlede Donderdag, Andries?"
4. meneer nel van kortstraat gaan dinsdag, 7 april, in port elizabeth kuier
   Meneer Nel van Kortstraat, gaan Dinsdag, 7 April, in Port Elizabeth kuier
5. ben, was jy al by oom lukas en tannie anna op die plaas leeukuil
   "Ben, was jy al by Oom Lukas en Tannie Anna op die plaas, Leeukuil?"
6. my neef, david erasmus, het 'n perd met die naam bles
   My neef, David Erasmus, het 'n perd met die naam Bles.

© e-classroom 2015